



Jaarlikse Verslag aan Burgers 2022/23

*[*die jaarlikse verslag aan burgers is 'n kort samevatting van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se omvattende Jaarverslag (JV) vir die verslagtydperk. Die volledige JV kan verkry word by <https://wcedonline.westerncape.gov.za/wced-annual-report/>]*



David Maynier
Minister van Onderwys in die Wes-Kaap

Die Minister van Onderwys (LUR) is verantwoordelik vir Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) (graad R tot 12) in die provinsie. Dit sluit onderwys vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes en vroeëkindontwikkeling in.



Brent Walters
Hoof van Onderwys

Die Hoof van Onderwys (HvD) is 'n staatsampenaar wat aangestel is om toe te sien dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gehalteonderrig aan almal lewer deur doeltreffende leierskap toe te pas en beleide en vernuwend strategieë doeltreffend en effektief in werking te stel.













Die VISIE van die WKOD is om gehalteonderrig aan elke leerder, in elke klaskamer in elke skool in die provinsie te verskaf. Ons streef daarna om:

- gehalteleergeleenthede te versterk en uit te brei;
- bemagtigende leeromgewings te verbeter en uit te brei;
- funksionaliteit en toerekenbaarheid te verbeter;
- vernuwend aanpasbaarheid en bereidheid tot 'n veranderende konteks te versterk en te verbeter.

Ons dienste sluit in:

- Oorhoofse beplanning vir en bestuur van die onderwysstelsel
- Onderwys in gewone openbare skole
- Steun aan onafhanklike skole
- Onderwys in spesiale skole
- Vroeëkindontwikkeling (VKO)
- Ontwikkelingsgeleenthede vir opvoeders en nie-opvoeders
- 'n Geteikende voedingsprogram en ander armoedeverligtings- en veiligheidsmaatreëls
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings
- 'n Werknemergesondheid- en welstandsprogram (WGWP)

Die WKOD: 'n Terugblik

	8 distrikte		NSS-slaagsyfer van 81,4%
	1 524 skole		Baccalaureus-slaagsyfer van 42,7%
	1 205 172 leerders		Behoudingskoers van 75,3%: Graad 10 tot 12
	888 geen skoolgeld-skole	$x = y^2$	Slaagsyfer van 67,9% vir Wiskunde
	835 019 leerders in openbare skole het voordeel uit die "geen skoolgeld" -beleid getrek.	$E = mc^2$	Slaagsyfer van 81,1% vir Fisiese Wetenskappe
	94 099 leerders het voordeel uit skoolgeldvrystellings getrek.		21 881 leerders by gesubsidieerde geregistreerde onafhanklike skole
	65 594 leerders het voordeel uit die vervoerprogram getrek.		510 956 leerders wat by die voedingsprogram gebaat het

WKOD-aktiwiteite – omvang en grootte

Leerders	2022/23
Leerders in gewone openbare skole: Graad 1-12	1 116 010
Eenhede vir leerders met spesiale onderwysbehoefte (LSOB) in gewone openbare skole	870
Leerders in vaardigheidsskole: Jaar 1 tot 4	200
Leerders in spesialebehoefte skole*	20 572
Subtotaal	1 137 652
Leerders in graad R in gewone openbare skole	67 520
Totaal	1 205 172
Inrigtings	
Gewone openbare skole	1 451
Skole vir leerders met spesiale behoeftes	69
Subtotaal	1 520
Hospitaalskole	4
Totaal	1 524
Distrikskantore	8

Inskrywingsbron: 2022 se Jaarlikse Skoolopnames – Gewone sektor; VKO-sektor en SBO-sektor. *Syfer sluit 204 leerders by hospitaalskole uit.

Inskrywings by gewone openbare skole (2018 tot 2022) oor die afgelope vyf jaar

Year	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12	Totaal
2018	104 336	103 671	104 357	106 969	97 900	92 044	85 794	83 376	74 613	77 245	62 832	51 459	1 044 596
2019	105 207	102 990	101 563	108 724	101 936	95 227	90 148	87 796	77 603	77 475	63 548	51 076	1 063 293
2020	105 602	103 064	100 937	107 013	102 858	99 368	93 653	91 334	80 999	79 563	63 886	52 374	1 080 651
2021	105 831	102 300	100 827	104 113	102 114	100 979	97 489	89 755	86 024	81 890	69 765	57 791	1 098 878
2022	105 945	104 833	100 922	104 141	100 189	99 984	99 076	96 119	86 957	87 157	70 751	59 936	1 116 010

Data Source: Annual School Survey (Public Ordinary schools excluding LSEN unit learners)

Die Klas van 2022

NSS-eksamen

- Altesaam **60 338** graad 12-kandidate het die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen in 2022 geskryf.
- Die algehele slaagsyfer het vanaf 81,2% tot **81,4%** gestyg.
- 'n Baccalaureus-slaagsyfer van **42,7%** in 2022 – die hoogste in die land.
- Onderskeidings in vakke het van 26 407 tot **26 428** toegeneem.
- Die slaagsyfer in die meeste kwintiele (Kwintiel 1, 3 en 4) het toegeneem.
- Die getal gewone openbare skole met 'n slaagsyfer van minder as 60%, het van 37 tot **29** afgeneem.
- Altesaam **60 338** van die **62 350** geregistreerde graad 12-leerders het hierdie eksamen geskryf – dit wil sê, 'n opkoms van 96,8%.
- Die slaagsyfer vir **Wiskunde** was **67,9%, en was die hoogste in die land.**
- Die slaagsyfer vir **Fisiese Wetenskappe** was **81,1%, en was die hoogste in die land.**
- Die slaagsyfer vir **Rekeningkunde**, sowel as die persentasie **onderskeidings** behaal, was die hoogste in die land.

Kyk: [NSC 2022 Examination Report](#)



[Western Cape Celebrates NSC Results](#)

[Class of 2022 results](#)

NSS-eksamen vir leerders met spesiale onderwysbehoefes

Graad 12-leerders met spesiale onderwysbehoefes het uitstekend gevaar in die NSS-eksamen:

- **10** spesiale skole wat die NKR *Kurrikulumassesseringsbeleidsverklaring* volg, het die **NSS-eksamen** geskryf en 'n algehele **slaagsyfer van 85,9%** behaal.

Gespesialiseerde Onderwys



Gespesialiseerde onderwys presteer steeds:

Altesaam **69** spesiale skole het **20 572** leerders met spesiale onderwysbehoefte geakkommodeer.

Sommige spesiale skole werk tans saam met die privaat sektor en die Departement van Arbeid om leerders met gestremdhede in diens te plaas

en dit het gelei tot leerlingskappe en werkgeleenthede vir 'n aantal skoolverlaters.

WKOD-uitreikspanne, wat deur 'n nasionale voorwaardelike toelae befonds word, het in samewerking met die departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, **1 646 leerders met ernstige tot uiters ernstige intellektuele gestremdhede** in 62 spesiale sorgsentrums **ondersteun**.

'n Webblad vir spesiale skole, <https://wcedeportal.co.za/special-schools>, met ondersteunende materiaal sowel as voorbeelde van goeie praktyke, is ontwerp en by die e-Portaal bygevoeg.

Die WKOD het ook terapeute, sielkundiges, leerondersteuningspraktisyns en maatskaplike werkers in diens geneem, inligting oor aktiwiteite op sosiale media versprei, asook inligtingsbrosjures, pamflette en video's beskikbaar gestel om opvoeders, leerders en ouers te help.

Kyk: [Specialised Support Services](#)

Kyk: [Wêrelddag vir Speel](#)

Finansies: 'n terugblik

Maatskaplike ondersteuningsinisiatiewe

Leerders het op die volgende wyse gebaat by die departement se voortgesette benadering in 2022/2023 om **behoefte te bevoordeel**:

- 'n Bedrag van **R85,075 miljoen** is betaal om **94 099** leerders in **550** skole met die **vrystelling van skoolgeld te help**. Dit is 'n toename in vergelyking met die **90 797** leerders van die vorige jaar.
- Geenskoolgeldskole het in 2023 vir 'n bykomende 1 093 leerders in 248 skole toegeneem.
- Die Nasionale Skoolvoedingsprogram het maaltye aan **511 777** leerders by **1 029** skole verskaf – 'n toename van nege skole. Die ontbytprogram gaan voort, met sewe skole wat hulp ontvang van die Tiger Brands-stigting, nege skole wat hulp van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ontvang en vyf skole wat hulp ontvang van Pioneer Foods.

Die departement het 99,9% van die aangepaste begroting vir 2022/23 bestee. Die onderbesteding het R36,985 miljoen of 0,1% van die aangepaste begroting beloop.

Onderwysulpbronne

Meubels en toerusting:

Die WKOD het die volgende voorsien:

- **91 648 meubelstukke ter waarde van R58 584 012,79** by 621 skole
- **2 640** meubelstukke teen 'n totale koste van **R1 170 436,20** aan **46** skole met nuwe graad R-klasse
- **13 585** meubelstukke vir die **47** MOD-sentrums (Massadeelname, Geleentehede en Toegang, Ontwikkeling en Groei). Hulle het ook **skootrekenaars ter waarde van R936 146** ontvang.

Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

451 139 aanvullende handboeke is voor die 2023-akademiese jaar by skole afgelewer.

239 nie-artikel 21-skole het skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels ontvang.

5 792 letterkundehandboeke is aangekoop en by 269 skole met graad 10- tot 12-leerders afgelewer.

Naam van program	2021/22	2022/23
	Werklike uitgawe	Werklike uitgawe
	R'000	R'000
1. Administrasie	1,332,420	1,456,507
2. Onderwys in gewone openbare skole	18,940,004	20,004,427
3. Onafhanklike skoolsubsidies	130,508	143,544
4. Spesiale skole	1,443,830	1,507,392
5. EVKO	621,102	986,010
6. Ontwikkeling van infrastruktuur	1,711,264	2,539,794
7. Eksamen en onderwysverwante dienste	1,176,773	1,491,257
Total	25,355,901	28,128,931

Leerdervoerskema (LVS)

Altesaam **65 785** leerders het van LVS-dienste gebruik gemaak. Tans is **605** roetes regdeur

die provinsie goedgekeur en 483 skole maak gebruik van hierdie skema se diens.

Infrastruktuurontwikkeling

Projekte wat gedurende 2022/23 voltooi is:

Agt nuwe skole is voltooi, naamlik:

New Moorreesburg **High School**, Klapmuts **High School**, Tafelsig No. 2 **High School**, Lwandle **High School** en Fairdale **High School**

Rosendaal en Saxonsea **Junior High Schools**

Klapmuts No. 2 **Primary School**

Drie plaasvervangerskole, naamlik:

Chatsworth, Umyezo Wama Apile and Perivale **Primary Schools**

[Viering tydens die opening van Perivale Primary se nuwe skoolgeboue](#)

Instandhoudingsprojekte by skole:

54 geskeduleerde instandhoudingsprojekte is in 2022/23 afgehandel.

602 nuwe klaskamers is gebou.

Hoë veiligheidsheinings om skoolgronde:

32 skole is van hoë veiligheidsheinings voorsien.

Lees meer oor die **WKOD se Rapid School Building Programme** by die volgende skakel: [Rapid Schools Building Programme](#)



Gespesialiseerde onderwys

'n "Nuwe skool" vir leerders op die outismespektrum, met omvattende ondersteuningsbehoefes, is by die ou Cheré Botha-skool se satellietkampus in Herbertstraat, Bellville, van stapel gestuur.

Gebruik die volgende skakel om die nuwe fasiliteite te besigtig: [A Remarkable School](#)



Vroeëkindontwikkeling

Ingevolge die president se proklamasie van 2019, is die VKO-funksie in 2022 na die WKOD oorgedra. Altesaam 51 amptenare wat deel was van die VKO-direktoraat van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is na die WKOD oorgeplaas.

Die WKOD se kernverantwoordelikhede ten opsigte van VKO is die voorsiening van:

- VKO op graad R- en pre-graad R-vlak ingevolge Witskrif 5 (e-Leer is ook ingesluit).
- Spesifieke gewone openbare skole met hulpbronne wat vir graad R vereis word.
- Ondersteuning vir graad R by VKO-sentrums.
- Toelaes vir opleiding en vergoeding van pre-graad R-praktisyns/opvoeders.
- Departementele dienste vir die ontwikkeling van praktisyns/opvoeders en nie-opvoeders by VKO-sentrums.

Altesaam **70 060** graad R-leerders is by gewone openbare skole, onafhanklike persele, spesiale skole en preprimêre skole ingeskryf.

- **63 086** van die **70 060** graad R-leerders was by gewone openbare skole ingeskryf.
- **248** bykomende klaskamers is aan **24** gewone openbare skole verskaf.
- **1 373** VKO-praktisyns is opgelei.

Onderwyserontwikkelingsopleiding

Die **Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI)** is verantwoordelik vir die indiensopleiding van opvoeders, skoolleiers en kurrikulumamptenare van die WKOD.

Verskeie aanlyn professionele leergeleenthede is aan opvoeders gebied deur middel van 'n benadering van gemengde leer:

- **3 834** opvoeders het opleiding vir die integrasie van Inligting- en Kommunikasietegnologie bygewoon.
- **828** opvoeders het formele kursusse van die KOLI bygewoon.

Lees hier meer oor die KOLI:

<https://wcedctli.co.za>

e-Leerstrategie


1 296 skole is met breëband-internettoegang toegerus, terwyl 902 van daardie skole met lokale area-netwerke (Wi-Fi) toegerus is. Dit sluit die instandhouding daarvan in. Hierdeur is toegang tot hierdie dienste aan ongeveer **850 000** leerders en **25 200** opvoeders verskaf.

Verdere ontplooiing en uitbreiding van projekte vir slim klaskamers (smart classrooms) het voortgegaan, en **9 981** van hierdie projekte is reeds in **806** skole geïmplementeer.

Professionele onderwyserontwikkeling in e-Leer het die teiken van **4 400** opvoeders met 'n bykomende **4 793** opvoeders oorskry. Aanlyn platforms bied ongeëwenaarde geleenthede wanneer kursusse in virtuele omgewings gelei, gefasiliteer en aangebied word.

Die WKOD se e-Portaal is die ideale toegangspuntaal vir leerders, opvoeders en ouers om direkte toegang tot leerhulpbronne oor grade en vakke heen te verkry. Hierdie e-Portaal se digitale hulpbronne word voortdurend ontwikkel.

[WCED ePortal](#)



Diagnostiese sistemiese assessering

Die uitslae van 2022 se sistemiese toetse dui daarop dat intervensies om leerverliese te herwin, 'n impak maak, veral in die Grondslagfase. In vergelyking met 2021 se uitslae, het die slaagsyfer en gemiddelde punte vir Wiskunde in graad 3 beduidend verbeter, asook die slaagsyfer en gemiddelde punte vir Tale in graad 3. Daar was ook 'n verbetering in die slaagsyfer en gemiddelde punte vir Wiskunde in graad 6 en die slaagsyfer en gemiddelde punte vir Taal in graad 9 in vergelyking met 2021 se uitslae.

[Systemic Testing Works](#)

#Back on track (BOT)

[The Western Cape is getting #BackonTrack!](#)

Back on track (BOT) is as 'n ministeriële prioriteit bygevoeg, wat daarop gemik is om ouers te help om hul kinders te motiveer om elke dag Wiskunde te doen, en om leerverliese wat tydens COVID-19 ervaar is, in te haal.

Dit bevorder ook verskeie Grondslagfase-inisiatiewe wat sal bydra tot beter uitslae in die WKOD se jaarlikse sistemiese toetse vir taal en wiskunde – en om alle 10-jarige leerders teen 2023 in staat te stel om op die regte vlak met begrip te lees.

[BOT Recovery Programme](#)

Funza Lushaka-gegradueerdes

Altesaam 344 (58,6%) van die 587 Funza Lushaka-beurshouers is in die 2022-akademiese jaar (binne ses maande nadat hulle hul kwalifikasies voltooi het) in permanente en kontrak-onderwysposte geplaas.

STEAMAC/Kodering en Robotika (K&R)

Die STEAMAC-strategie wat Wetenskaps-, Tegnologie-, Ingenieurswese-, Kunste-, Wiskunde-, Landbou- en Koderings- en Rekenaarvaardighede bevorder, maak groot vordering.

Die 2022-loodsprogram is tot in 2023 verleng. Amptenare in alle fases werk onverpoosd om 'n kurrikulum vir Kodering en Robotika

te implementeer: 'n provinsiale kerngroep vir Kodering en Robotika, wat uit Grondslagfase-adviseurs in die distrik bestaan, ontwikkel aktiwiteite om opvoeders te bemagtig deur te toon dat die integrasie van Kodering en Robotika in Taal, Wiskunde en Lewensvaardighede huidige onderrig- en leerpraktieke kan verbeter.

Amptenare vir die Intermediêre Fase en Senior Fase, in samewerking met die KOLI, ontwikkel 'n inleiding tot 'n koderingskursus, terwyl senior kurrikulumbeplanners vir Kodering en Robotika 'n leidende rol speel in die finalisering van 'n konsepkurrikulum vir goedkeuring deur Umalusi.

[Rural school robotics team takes the world by storm](#)

Veilige Skole

Altesaam 143 skole is met 'n verskeidenheid veiligheidstrategieë ondersteun om misdaad te bekamp; dit sluit alarmstelsels, die motorisering van toegangshekke, veiligheidshkke, klipskerms (stone guards), interkomstelsels en die herstelwerk aan heinings in. Verskeie ontwikkelings- en voorkomingsprogramme is bekendgestel om houdings- of gedragsveranderinge in belanghebbendes te fasiliteer. Trouens:

- **7 900** leerders het aan naskoolse programme deelgeneem.
- **11 374** leerders het vakansieprogramme bygewoon.
- **1 481** leerders is vir verbode middels getoets.
- **50** skole en **257** opvoeders het opleiding in dwelmtoetsing ontvang.
- **369** huisbesoeke is gedoen en daarna is **293** leerders weer in skole geïntegreer.
- **520** opvoeders het beroepsgesondheids- en veiligheidsopleiding ontvang, terwyl 'n verdere 192 en 32 onderskeidelik noodhulp- en brandbestrydingsopleiding ontvang het.
- **2 444** leerders en **52** opvoeders het konflikbestuurskursusse bygewoon, terwyl **7 564** leerders en **226** opvoeders opleiding ontvang het oor hoe om boeliegedrag hok te slaan.

[Veilige Skole se vakansieprogram](#)

Werknemergesondheid- en Welstandsprogram (WGWP)

64 psigososiale opleidingsintervensies het 2 379 werknemers bereik.

1 200 individuele beradingsessies en 34 trauma-ontlontingsessies is aangebied, wat 425 werknemers bereik het.

WGWP- dienste is deur Registry bevorder en Health Bytes is deur die WGWP-diensverskaffer gesirkuleer.

'n **Welstandseminaar vir Onderwysers** het meer as 250 werknemers bereik.

Psigososiale opleidingsintervensies het die volgende ingesluit: die hantering van stres, bewustheid van geestesgesondheid, spanbou, konflikthantering, hantering van stres, en uitbranding.

Kommunikasieveldtogte

'n Uitgebreide toelatingsveldtog is van stapel gestuur, wat daarop gemik was om ouers en versorgers van leerders wat graad 1 en 8 betree, asook leerders wat in 2024 van skole verander, aan te moedig om vroeg en by meer as drie skole aansoek te doen. Hierdie proses is aangevul met 'n video wat presies verduidelik (hoe om aanlyn aansoek te doen). Die video het meer as 42 000 besoekers op YouTube, gekry. Voorts is advertensies in koerante, op radiostasies, advertensieborde en op die agterkant van busse en in taxi's aangebring. Gebiede met groot getalle leerders waar daar dikwels probleme ervaar word met plasing van leerders is ook bereik. Gemeenskappe is ook met advertensieveldtogte bereik en inligting is met behulp van megafone in gemeenskappe versprei. Pamflette is op groot skaal versprei en plakate is opgeplak. Die WKOD het hierdie veldtog ook digitaal aangepak, en via Facebook, Twitter, Instagram en Google Display geadverteer. Meer as 800 000 luisteraars is ook deur middel van verskeie plaaslike radiostasies bereik.

Die WKOD se Taaldiens het dienste in vertaling, proeflees en redigering aan WKOD-komponente gelewer. Altesaam 1 301 dokumente is vertaal, geredigeer en geproeflees, d.w.s. 'n totaal van 4 634 bladsye.

Edumedia het 4 831 dienste gelewer, wat gewissel het van lessenaarpublikasies (desktop

publishing), die instandhouding van webblaaie, drukwerk, klank- en videoproduksies en stil-fotografie.

Google Analytics toon **meer as 9,8 miljoen besoekers** (dit dui op 'n toename van meer as 'n miljoen besoekers in vergelyking met 2021/22) **op die WKOD se webwerf** – wat die waarde daarvan onderskryf.

Verken dit hier: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/>

Tema vir die jaar



2021 se “**Waardesgedrewe Leierskap**”, met die subtitel, “**Verbetering van funksionele skole**” is vervang deur 2022 se nuwe tema “**Die Jaar van Leer**”, met die subtitel, “**Leierskap wat veerkragtigheid aandryf**”. Dit het veral van kritieke belang geword vir diegene in leierskap om vasberadenheid te toon om onderwys in die provinsie veilig weg te stuur van die verwoesting van COVID-19.

Kurrikulum

Grondslagfase:

Die projek vir graad R tot 3 het 103 skole in die provinsie waar Xhosa die taal van onderrig en leer is, geteiken, met die fokus op die ontwikkeling van die leierskap van skoolbestuurspanne en die voorsiening en monitering van LOOM.

Altesaam 60 vervoertasse wat elk 10 tablette bevat, is tydens hierdie projek aan 20 skole verskaf. Bykomende verkryging vind tans in die oorblywende 83 skole plaas om 'n verdere 2 940 tablette vir groepsonderrig in Wiskunde en groepsbegeleide lees in Huistale te bekom.

Algemene Onderwys en Opleiding (AOO):

Die derde uitgawe van die graad 4-veldtog vir kreatiewe skryfwerk, **Storiehelde**, is voortgesit. Leerders kon hul storie, wat uiteindelik in 'n video omskep is, in Engels, Afrikaans of Xhosa skryf. Die video van die storie wat gewen het, kan gekyk en of afgelaai word by: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/story-stars>

Verskeie intervensies wat aan die leesstrategie

gekoppel is, het plaasgevind, naamlik; die Growthsmart-kompetisie, WOW-spelfees, PANSALB-skryfkompetisie en die Spelling Bee-kompetisie.

Verdere Onderwys en Opleiding (VOO):

Die **KOLI het 'n VOO-kursuskoördineerder** aangestel wat met die uitbreiding van professionele leerleenthede (PLG'e) in die VOO-band sal help. Sedert die aanstelling in Augustus 2022 gemaak is, is baie grondwerk gedoen om die PLG'e vir Kwartaal 4 (2022) en Kwartaal 1 tot 4 (2023) te implementeer.

Toekennings en eerbewyse

Opvoeders, leerders, amptenare en skole in die Wes-Kaap het nie teleurgestel nie. Daar was uitblinkers op nasionale vlak en in die geval van twee skole, selfs op internasionale vlak. Enkele hoogtepunte is: Estelle de Wit, prinsipaal van Sunningdale Primary School, is aangewys as die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie se nasionale wenner in die kategorie vir Uitnemendheid in Opvoedkundige Leierskap: Laerskole

Vier opvoeders van die Wes-Kaap is tydens die **Nasionale Onderwystoekennings** as Suid-Afrika

se top opvoeders in hul onderskeie kategorieë benoem, terwyl twee ander as die naaswenners uitgeblink het.

[Geluk aan ons wenners van die Nasionale Onderwystoekennings!](#)

Pinelands North Primary en West End Primary is wêreldwyd as Top 10-skole erken (met Pinelands North wat in die Top 3 geëindig het!) in die kategorie "Overcoming Adversity" in die kompetisie vir die beste skool in die wêreld (World's Best School Competition).

[Pinelands North PS and West End PS make us proud!](#)

Athwood Primary School en Gardens Commercial High School het internasionaal erkenning gekry:

[Athwood ontvang 'n Annual Anthem Award van Amerika!](#) en

[VSA-organisasies en Freshly Ground se Zolani help Gardens Commercial HS "take it to the bridge"](#)

Senior Kurrikulumbeplanner: Lewensoriëntering en Lewensvaardighede, Ismail Teladia, het Suid-Afrika in die Krieketwêreldbeker vir spelers wat ouer as 60 jaar is, in Queensland, Australië verteenwoordig.

Een van [Hoërskool Durbanville se spanne is as nasionale netbalkampioene bekroon.](#)

Hoe om ons te kontak

Die WKOD is in agt onderwysdistrikte werksaam en sy hoofkantoor is in Kaapstad.

Ligging	Posadres	Telefoon
WKOD-hoofkantoor	Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat, Kaapstad	0861 819 919
Metro-Sentraal	Gate House 2, Alexandra Provinsiale Kantoorgebied, Havenweg, Garden Village, Maitland	021 514 6700
Metro-Oos	Belhar Hoofweg en Nuwe Nooiensfontein-rylaan, Kuilsrivier	021 900 7000
Metro-Noord	Timmermanstraat 9, Parow	021 938 3000
Metro-Suid	Lentegeur-hospitaal, AZ Berman-rylaan, Lentegeur, Mitchells Plain	021 370 2000
Kaapse Wynland	Durbanstraat 9, Worcester	023 347 4600
Eden & Sentrale Karoo	York Park-gebou, 1ste Verdieping, St Johns-straat, George	044 803 8300
Overberg	Collegeweg 15, Caledon	028 214 7300
Weskus	Hospitaalstraat 6, Paarl	021 860 1200



Caring



Competence



Accountability



Integrity



Innovation



Responsiveness



WKOD

-inbelsentrums, webwerwe en sosiale media:

Personeel- en finansiële navrae: 0861 819 919

Veilige Skole: 080 045 4647

WGWP: Tolvry: 0800 111 011

USSD: Stuur 'n "bel my asseblief" na *134*664*38#

E-pos: wced@mhg.co.za

Vir ander psigo-sosiale intervensies soos welstandsprogramme, werksessies, ens. wat op 'n span- of departementele vlak ingestel is, kom asseblief met u departementele WGWP-praktisyn in aanraking.

Webwerf: WKOD-aanlyn <https://wcedonline.westerncape.gov.za>

E-poslys: WCEDnuus <http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews>

X (voorheen Twitter)

WKODnuus: <http://twitter.com/wcednews> (vir tweets oor onderwysverwante nuus)

WKOD se e-Portaal: <https://wcedportal.co.za> (digitale leerhulpbronne)

Alle pogings is aangewend om te verseker dat die skakels in hierdie publikasie korrek werk. Indien sommige van die skakels egter van tyd tot tyd nie werk nie, probeer asseblief weer op 'n latere stadium om toegang daartoe te verkry.